DIE SKOOL WAAR JY SAAKMAAK

#LEIPIES_JYMAAKSAAK

Leipie NUUSBRIEF

BELANGRIKE DATUMS

(nuutste aangepaste datums)

10 November: o/8 Rugby Oorbruggingswedstryde vs Anton v Wouw
Gr 3 kuier by Gr 4
11 November: o/9 Mini-Netbaldag te Tygerpoort
13 November: ***GEKONTROLEERDE TOETSREEKS BEGIN. SKOOL SLUIT 12:00***
WAGKLAS TOT 13:40
14 November: Jnr Koor oudisies (skooltyd)
15 November: Gr R Inligtingsaand 18:00
16 November: Jnr Koor oudisies (skooltyd)
Kies van dirigente 2024

BEMARKING:
Me Sarie v/d Merwe hanteer alle bemarking.
Kontak haar gerus per epos:
sarie.3v@louisleipoldt.co.za

10 NOVEMBER 2023

GEDAGTE VIR DIE WEEK:

Kennis is mag.

Francis Bacon

LEERDER VERJAARSDAE

13-19 November 2023
Fourie Evan, Ross-Marsh Kian, Berner David, Strydom Melienke, Viviers Christopher, Appel Linmarie, Breedt Koos, Binstead Joshua, Ehlers Ignatius, Greyling Yutame, De Wet Luanke, Moore Ruack, Priem Wihan, Alberts Karla, Van Der Walt Xavier.

GEKONTROLEERDE TOETSREEKS/ASSESSERING:
Die gekontroleerde toetsreeks vir Gr 4-7 begin **13 November 2023.**
Uitkomtyd en reëlings:
Die skool kom vanaf **13 November 2023** vir alle leerders om **12:00 uit tot aan die einde van die kwartaal.** Die oplaaipunte bly dieselfde. Naskole kom haal leerders ook om 12:00. Daar sal wagklasse wees tot 13:40 vir die leerders wat nie om 12:00 afgehaal kan word nie, dit geld ook vir naskoolleerders. **Hierdie leerders moet in die wagklas vir ouers wag.** Daar is toesig in die wagklas. **Hekke sluit 12:15.** Ouers/naskole wat leerders na 12:15 afhaal, **moet asb by Ontvangs aanmeld.** Leerders sal dan in die klasse geroep word en na die hoofhek beweeg waar ouers hulle kry. **Geen leerder mag na 12:15 op die terrein of by hekke vir ouers wag nie.** Vanaf 13:40 kan Gr R-7 leerders slegs by die **hoofhek in Pretoriuslaan (in die wagarea) afgehaal word.**
NORMALE SKOOLREËLS GELD STEEDS. **Indien leerders by die huis bly, sal hulle afwesig gemerk word.**
GEEN "BLOKTYD" soos Hoërskole. Hersienning word steeds gedoen. **Moet asb nie leerders vroeër kom haal nie, klasse word ontwrig waar leerders steeds besig is met hersiening/assessering.**
Afwesighede word by die Departement aangemeld tot 13 Desember 2023, maar vir **100% skool-bywoning geld afwesighede net tot 27 November 2023.**
Gr 4-7 bring die studiemateriaal van die vak wat hy/sy skryf, asook volgende skryf, saam.
Gr 4-7 personeel is die dag voordat die vak geskryf word, beskikbaar vir hulp vanaf **12:15-13:15**
Gr R-3 gaan voort met assessering, daarom is dit belangrik dat u kind skool bywoon.
U kind moet nou met erns besig wees met akademie. Moedig hom/haar aan en ondersteun hulle asb.

Leipie NUUSBRIEF 2

GIMNASTIEK: **Christopher Herbst** - Vir tuimel (trampolien gimnastiek): Goud by Gauteng-Noord vir vlak 4, verwerf provinsiale kleure en is gekies om Gauteng-Noord by Gauteng Champs te gaan verteenwoordig, Goud by Gauteng, verteenwoordig provinsie by SA Gym Games.
Valerie Herbst - Vir tuimel (trampolien gimniastiek): Goud by Gauteng-Noord vir vlak 5, verwerf provinsiale kleure en is gekies om Gauteng-Noord by Gauteng Champs te gaan verteenwoordig, deelname by Gauteng en kwalifiseer vir SA Gym Games, verteenwoordig provinsie by SA Gym Games. Vir artistiese gimnastiek: verwerf provinsiale kleure, algeheel Silver, Goud op vloer, Silver op beam, Silver op vault, gekies om Gauteng-Noord by Gauteng Champs te gaan verteenwoordig, Gauteng goud op beam, verteenwoordig provinsie by SA Gym Games en kry brons op beam.

VERSKAFFERS VAN SKOOLKLERE:
Maretha's – 012 140 0611
Karen Erasmus (Eduwear) Hoërskool Centurion
084 721 8701

VERLORE KLERE/ITEMS:
Leerders moet asb in die verlore goedere kas kom soek na verlore items. Ons vra ouers **om asb alle kledingstukke en enige ander items duidelik te merk,** dan kan dit aan die eienaar terugbesorg word. Moet asb nie items neem wat nie aan jou behoort nie. Items wat nie opgeëis word nie, sal verkoop word.

MAKRO/MY SCHOOLKAARTE:
Baie dankie aan al ons ouers vir hulle volgehoue ondersteuning. Ons wil ouers wat nog nie Makro en My School kaarte het nie aanmoedig om aansoek te doen vir een. Doen asb aansoek by die kantoor vir 'n My Schoolkaart. U ontvang dadelik u My School kaart. Indien u reeds 'n Makrokaart het en dit aan die skool wil koppel, kan u dit by die navraag toonbank in Makro doen, dit is 'n vinnige proses.

NUUSBRIEF:
Onthou asb om na www.louisleipoldt.co.za te gaan om te registreer om die weeklikse nuusbrief elektronies te ontvang.

D6 KOMMUNIKEERDER:
Ouers moet asb op die D6 kommunikeerder registreer. Volg asb die skakel wat aan elke ouer per sms/e-pos gestuur word. Volg asb die stappe om te registreer. Die toepassing word gebruik vir alle kommunikasie.
NB! Neem asb kennis dat ons u nie van die sms/e-pos kan verwyder nie omdat elke ouer aan 'n leerder se profiel gekoppel is. Indien 'n ouer versoek om nie sms'e/e-posse ivm D6 te ontvang nie, sal die ouer van die leerder se profiel verwyder moet word en u sal dus **GEEN** verdere inligting ivm u kind kan ontvang nie. Alle inligting ivm akademie, aktiwiteite, byeenkomste, afrigting word op D6 geplaas. **Lees asb gereeld die D6 boodskappe sodat u op hoogte is met die akademie en skoolaangeleenthede.** D6 se korrespondensie gaan nie meer op die **WhatsApp-groepe herhaal word nie. Maak asb seker dat u op D6 geregistreer is.**
STACK TEAMAPP (nie TEAMS nie) is die sport kommunikasie platform vir inligting en busbriewe **nadat spanne gefinaliseer is.** Algemene inligting word op D6 geplaas.

DIE LEIPIE SKATKIS:
Die Leipie Skatkis (tweedehandse skoolklere) is ***SLEGS*** **Maandae** vanaf **13:45-14:45** oop.